

**9de Sondag na Trinitates
Fil.3:7-11 24 Julie 2016**

Paulus, die groot sendeling en filosoof, vroër fariseër maar nou teoloog, dink na en skryf:


Wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Heer, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.

Liewe vriende,

daar in Johannesburg staan 'n silwer glansgebou, 'n halwe wolkekrabber - die aandelebeurs van SA. As jy geld wil wen (of verloor), gaan 'n mens soontoe. Jy kan natuurlik ook op die rekenaar koop en verkoop maar oppas, jy self dit wil doen, moet jy slim wees. Die meeste mense gaan na 'n aandelemarkelaar toe - iemand wat vir jou besluit waar om die meeste opbrengs te verwag, dáár belê jy die meeste geld. Onsekerheid op die mark maak mense senuweeagtig veral weens politieke onrus, oorlog of vrede, nuwe uitvindings of een firma wat 'n ander ene uitkoop.

Ek versoek jou om vir 'n oomblik die hele wêreld soos 'n reuse aandelebeurs te sien. Elke dag kan alle mense belê; elkeen kan self besluit waar om tyd en geld te spandeer - met die hoop op die beste opbrengs.



In ons lesing uit die Evangelies het ons gehoor van 'n baie ryk persoon wat op reis gaan en drie van sy knegte elk 'n groot som geld toevertrou, sonder om vir hulle te sê wat om daarmee te doen. Al drie knegte het geweet, dis nie hulle geld nie en eendag sal die grote Here weer terugkom. So, elk van die knegte besluit maar op hul eie waar hulle dink, die geld die beste bestee kan word.

En soortgelyk mag ons verstaan dat die Here God, die Skepper vir ons almal een kosbare lewe toevertrou het. En die hele wêreld staan tot ons beskikking wat om met hierdie een lewe te doen. Daar is omtrend niemand wat sommer sy lewe wil verkansal nie. Elkeen het hoop op die beste opbrengs - want ons weet: eendag sal ons lewe weer teruggegee word aan die Skepper. Eendag sal God terugkom en verantwoording eis. Die mens is nie slegs liggaam nie, maar ook siel en gees. Almal sal vir altyd lewe- ook na die dood. Die Here Jesus sê dit herhaaldelik: daar is aandele waarin jy nie behoort te belê en nie en daar is aandele wat jy broodnodig het om in ag te neem. En as julle wil weet, wat om die beste van die lewe te maak, dan is Ek, Jesus, hier om vir julle te verduidelik, waar die beste belegging is.

“As iemand sy lewe wil wen, sal hy dit verloor, maar as iemand dit verloor (afgee), belê in My en die Evangelie, sal hy die ware lewe ontvang.” Asseblief hou nie op om dit veral vir ons jong mense te sê, want hulle is op soek na die beste waarde vir die lewe. En die hele wêreld is vol van moontlikhede en aanloklike vermaak wat op die lang termyn leeg sal uitloop. Jou lewe is te kosbaar om op die verkeerde plek te belê. Jy het net een lewe. Maar ook vir ons ou mense geld: elke dag is 'n duursame geleentheid om te belê want aan die einde van die dag sal die aandele mark sluit en alle handel sal tot 'n einde kom. En dan sal ons sien watter dividende sal jou belegging uitbetaal.

In die brief aan die Filipense verwys Paulus na homself watter groot belegging hy gemaak het. Ons het dit nou nie gelees nie - so laat my toe om dit nou te doen. Paulus getuig teenoor diegene wat op hulle eie prestasies roem, dat hy, Paulus, dit ook kan doen. Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5. ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

Waarna Paulus verwys is eerstens na sy bevooregte posisie waarin hy gebore is: in die regte stand as deel van die uitverkorene volk Israel; daar was hy deel van die besonders uitverkorenes uit die stam van Benjamin, Jakob se oogappel-seun - sy genealogie, stamboom en herkoms was perfek. En alhoewel Paulus oorspronklik van Tarus buite Palestina gebore was, het sy ouers hom na Jerusalem toe gestuur, na die beste leermeesters van sy tyd. Hy is deur en deur 'n egte Jood. Volgens elke voorskrif besny. Ons sou sê: Paulus weet, hy's met die silwer lepel in die hand gebore. Maar dan het hy tweedens ook die beste van omstandighede gemaak - in die beste skole opleiding ontvang, ywerig gestudeer en reeds in jong ouderdom die leer van sukses opgestyg. Hy was 'n Fariseër - die godsdienstige groep in destydse Israel wat die meeste aansien geniet het, wat die strengste reëls en regulasies nagekom het en die hoogste aansien in die volk geniet het. Onder die Fariseërs was daar niemand wat met hom kon meeding nie wat sy ywer was só groot dat hy met een van die ingewikkelste opdragte van sy tyd toevertrou is - naamlik om die Christelike "sekte" uit te roei, midde onder die neus van die Romeinse oewerhede.

Maw sy godsdienstige teologiese en politieke vaardighede was ongeëwenaar en sy energie onblusbaar. Ook ander het vir Paulus die erkenning gegee dat sy lewe *onberispelik* was - maw niemand kon enige vout by hom vind nie, niemand kon by hom kers opsteek nie. Sy belegging was uitstekend (altans so het hy gedink). Voor hom het 'n glansryke loopbaan gestaan as hoogleraar by die vooraanstaande universiteit van Jerusalem sowel as eerste minister in die Joodse parlement.

Waarskynlik, as ek dit met vandag se woordeskat mag beskryf, waarskynlik het Paulus verwag dat eendag wanneer die Here kom, dit soos by 'n Hollywood Oskar-toekenning sal gaan. Wanneer alle hemelse leerskare versamel is met hul' prag-rokke en pakke klere van luister en glans, en die glansryke firmament-orke klaar gespeel het, dan sal die Here self na vore tree met die koevert in die hand: "En die wenner vir die kategorie vir die beste oskar-fariseër en die persoon wat die hoogste status van perfektheid bereik het, is ... Paulus!"

Maar toe gebeur iets dramaties in Paulus se lewe voor die poorte van Damaskus. Hy was besig om agter die Christene aan te jaag met die doel om hulle uit te snuffel en uit te rook. Dis toe dat die Here inderdaad aan hom verskyn in 'n lig - wat ons net kan beskryf as 'n lig uit die ewigheid. Die hemelse Regter spreek toe direk 'n beoordeling oor Paulus se doen-en-late uit; maar dit was totaal anders as wat hy verwag het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy MY?" En in sy algehele verwarrdheid stammel Paulus terug: "Here, wie is U?" En die antwoord: "EK is Jesus vir wie jy vervolg." Paulus sien in die gesig alle geregtigheid en hemelse saligheid denkbaar. Hy sien nie net die goddelike heerlikheid nie, maar in die lig ook al sy eie prestasies wat teenoor die lig vanuit die ewigheid soos vuil gemors lyk. Meteens is die besef daar: ek, Paulus, sal nooit-as-te-nimmer dáár ingaan nie; ek is besig met die aaklikste sondes onder die son; daar is slegs een roete vir my beskore, as ek só aangaan, naamlik die ewige hel en verdoemenis... Maar ek smag met my hele wese om daardie geregtigheid te ontvang wat daardie Jesus het!

En tree-vir-tree wys die Here vir Paulus dat daar slegs een manier om die kroon van die lewe te ontvang: naamlik die perfektheid wat Christus het. En aangesien jy as mens nooit daardie vlak kan bereik nie, kom Jesus na jou en my toe, en gee dit verniet.

Paulus besef: ek het in die verkeerde aandeel belê. My status as geboorte tel uiteindelik niks nie. My insette vir wetsonderhouding lewer niks op nie; intendeel my ywer vermeerder die sonde des te meer. My strewe vir aansien, titel en eer moet in God se oordeel soos mis voor die son verdwyn - dis 'n drogbeeld. En so het in sy ontmoeting met Christus sy waardes radikaal en revolusionêr omgekeer. Hy het doelbewus gekies om van daardie oomblik af alles anders te beoordeel, en al sy energie en krag in 'n nuwe rigting te swaai.

Vir Paulus het die insigte, hierdie nuwe belegging baie verlies opgelewer - tenminste uiterlik. Dit was nie lank nie, of hy verloor alles. Waar hy vroër vereer was, spoeg mense veragterlik op die grond wanneer sy naam uitgespreek word. Sy hele *criculum vitae* kan hy opvrommel, sy lang lys van portforlieus is hy kwyt. Skielik is hy deur sy volkgenote gespot as die gemors van die aarde wat 'n mens moet verwyder. Waar Paulus vroër ander in die tronk wou gooi, was hy self nou 'n gevangene, sit in die tronk, word voor howe gesleep en wou mense hom vermoor. Sy eie lewensonderhoud moes hy karig met die maak van tente verdien. Sy geloof in Christus het hom alles gekos. Vir wat?

Paulus, wat het jy die afgelope 30 jaar gedoen? Waarin het jy belê en watter opbrengs bring dit vir jou?

Nou voordat ons by die antwoord kom, vra ek jou nog 'n denkbeeldige vraag:

Veronderstel jy het 'n miljoen Rand beskikbaar om by die aandelemark te belê. En jy ontvang die gawe om 5 jaar vooruit te kyk en presies te weet wat sal aangaan. Veronderstel dat dit wat jy vooruit kan sien, is akuraat en absolut betroubaar. En jy sien dat 'n derde van jou belegging in 'n pensioenfonds geheel en al in duie sal stort. En 'n derde wat jy in stabiele westerse lande se ekonomie belê het, sal totaal verkrummel. En 'n derde wat jy in opkomende markte belê het, sal definitief gemors rommelstatus behaal. Maar veronderstel daar het nou net 'n nuwe produk op die mark gekom wat in 5 jaar se tyd alle ander aandele oortref en gewaarborgde dividende uitbetaal. Sal jy nie as rasioneel, verantwoordelike persoon jou aandele nou reeds skuif na hierdie nuwe produk nie? Is dit nie dat jy sommer alle aandele in hierdie ene sal belê nie? Want jy weet verseker dat jy die absolute maksimale uitbetaling sál ontvang! Ja, jy sal!

Paulus wat het jy die afgelope 30 jaar gedoen? Aan die begin van hierdie brief aan die Filipense antwoord Paulus: Ek het die toekoms gesien; ek het die ewigheid ontmoet; ek is op pad na die hemelse tuiste. *Om te lewe beteken vir met net nog Christus, en om te sterf is vir my wins!* En hier lees ons: *Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en één met Hom kan wees: vrygespreek, nie (meer) omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo.*

Ons, wat vandag hierdie brief lees, raak opgewonde deur Paulus se entusiasme: “Nou Paulus, vertel vir ons wat is besonders aan hierdie Christus? Sê vir ons, hoe kan ook ons in hierdie aandele belê?”

Paulus sou weereens baie nugter maar verseker antwoord: Hierdie tyd op aarde 10jaar, 50 jaar, 80 / 100 jaar se swaarkry en gesukkel, weeg nie op teenoor die oneindige, onbeskryflike heerlikheid wat vir ons wag nie. Al wat jy moet doen, is om hierdie tyd los te laat, sodat jy deur Christus aangegryp kan word. Nee, jy kan nie self die hemelse heerlikheid verkry nie - die hemel kan slegs as geskenk aan jou oorhandig word. Maar dat die Here vir jou alle goddelike skatte kan gee, sal jy die karige skatte wat jy in die hand het, moet loslaat. En hoe meer jy loslaat, des te meer is jy instaat om te ontvang.

Jy mag nou antwoord: “Wag 'n bietjie, ek kan mos nou nie my kar, en huis, en TV en werk los nie - ek het dit mos nodig om te kan lewe. Of moet ek sommer selfmoord oorweeg? Wat bedoel jy?”

Mag ek namens Paulus antwoord: ek wens, ons het nou baie tyd sodat nie misverstande ontstaan nie. Jy moet verstaan dat ware Christendom is radikaal: dit kos inderdaad jou lewe. Toe jy in die heilige doop met water in die Naam van die Drie-Enige God ingedoop was, is jy saam met Christus in sy dood ingedoop. Jy is gekoppel aan iemand wat aan die kruis dood is. Sodat, net soos Christus deur die heerlike magsdaad uit die dood opgewek is, ook jy in 'n nuwe lewe sal wandel (Romeine 6). Jy moet sterf! En tergelyk, sedert jy met Christus verbonde is, pulseer nou reeds opstandingslewe in jou are. Reeds vandag is Christus in jou en Hy sal jou met alle ewige krag na Hom toe trek - elke dag 'n bietjie nader en nader na Hom toe.

Hoor julle oues en bejaardes: terwyl ons uiterlike liggaam dalk verval en pyn beleef, word die innerlike mens van dag tot dag vernuwe. Ons beweeg nie na die dood toe nie; ons beweeg na die lewe! Elke dag nader na Christus toe! Paulus skryf op 'n ander plek: dit maak nie meer saak of ek lewe en of ek sterwe - ek behoort aan Christus!

Hoor julle jong mense (jong in jare - en dis alles onder 120 jaar 😊), terwyl ons weet, ons toekoms is verseker, laat ons as blymoedige, versekerde mense lewe soos Christene (mense wat aan Christus behoort).

Nou wat van jou motor, jou huis, jou TV, jou werk? Wat daarvan? Antwoord: Kan jy insien dat dit alles verbygaan, dat in die lig van die ewigheid skielik sy waarde verander? Vanselfsprekend hét jy dit - dit is aan jou toevertrou. Maar jy het dit, asof jy dit nié het nie. Ja, jy woekker daarmee, maar jy weet mos, dit kan enige dag van jou af weggeneem word. Vandag nog kan jy sterf - en dan? Wat bly oor? Môre mag jy met 'n siekte gediagnoseer word wat doodelik is - en dan, wat bly oor? Dan, jy beter daarvoor sorg dat jou innerlike, geestelike bates op die regte plek belê is.

God gun vir ons vanselfsprekend ook aardse dinge om te geniet en te waardeer. Maar moet asseblief nie daaraan geheg wees asof enige van die aardse dinge vir jou die lewe kan waarborg nie.

Hoe weet jy, of jy nie geheg is nie? Twee punte waarmee ek sal afrond.

Die eerste toets, of jy aan dinge, werk, besittings, familie, ens té geheg is aldan nie, is om jouself af te vra: as ek sou moes kies: óf ek behou Christus, óf ek behou my motor - wat sal jy kies?

Óf ek behou my werk en verloor Christus, óf ek wen Christus en verloor my werk - wat sal jy kies? In die situasie van Christen-vervolging sien ons dit oor-en-oor, waar mense voor die keuse gestel word: óf jy sweer jou Christenskap af en bly lewe, óf jy bly getrou aan Christus en word doodgeskiet - wat sal jy kies? En wat 'n sterk getuienis ontvang ons nie omtrend daagliks dat Christene uitroep: be my gues, skiet my dood want Christus is vir my meer belangrik as my aardse, biologiese lewe. Want ek weet verseker dat wanneer ek my oë hier sluit, ek hulle weer sal open in die hemelse heerlijkheid. Maar jy wat die moorddaad uitvoer, sal voor die hemelse Regter moet verskyn, en vir jou wag die poel van helse vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, mits jy nie ook berou en bekeer nie. Dit is die eerste toets om te bepaal hoe waardevol Christus vir jou is: wat sal jy kies?

En die tweede toets wat ek voorstel: alles wat jy het, gebruik dit om Christus beter te leer ken en om jou naaste te dien. Byvoorbeeld kan die TV kan 'n wonderlike opbouwende instrument wees om jou in te lig, maar 'n TV kan ook jou denke deurmekaarmaak, jou fantasie besoedel en jou gedagtes in die verkeerde rigting in stuur. Dan neem beheer en skakel die ding af. Lees eerder in 'n opbouwende boek en nog beter die Bybel. Jy het mos tyd - gebruik dit ten beste om Christus te leer ken, en jou naaste te dien. Of jou motor ... kan 'n wonderlike voertuig wees om ander te dien; maar die motor kan ook 'n instrument word om te spog en voor ander mense te praal asof jy uit jou eie beter is as ander. Dis 'n verkeerde belegging. En as jy 'n Christen is, mag dit wees dat God dit toelaat dat daardie motor van jou af weggeneem word - een klein motorongelukkie en al jou spoggerigheid is daarmee heen. En dis pyn en eina. Maar raai wat: as jou spogmotor van jou af weggeneem word, het jy dalk meer tyd om te besin wat werklik van waarde is.

So, pyn en lyding is nie net sleg nie - dis soms ook goed. Paulus skryf: *Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.* Hoor julle: ek wil deel hê aan Christus se lyding, want lyding bevry my van al dié dinge waaraan ek so greetig vasgeklou het en ek besef wat werklik van waarde is. Lying is dus verlies aan die eenkant, maar wins aan die ander kant.

Ek sluit af:

Eendag sal die mark gesluit wees en dis tyd vir rekenskap. En daar sal sommiges wees wie se tande sal kners van spyt, want hulle sal besef: as ek maar net Christus gehad het! As ek maar net Christus se geregtigheid gehad het! As ek maar net deel sou wees van Christus se opstanding tot die ewige lewe! Maar daar is goeie nuus: nóg is die aandelemark geopen. Daar is goeie nuus: Christus se aanbod staan: kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is en Ek sal vir julle rus gee vir julle siel!

Laat ons bid: Here Jesus Christus, dis so moeilik om so vinnig te begryp want ons sien U nie in lewende lywe nie en ons dink te dikwels, dit maak nie regtig saak nie of ek nou Christus het of nie. Maar u Woord was vandag duidelik: Christus beteken vir my alles. U Here, kyk in my hart en beoordeel my waardes, my tyd, my belegging. Ons vra U om Christus in ons groot te maak, en watter onskatbare waarde dit is om aan Christus te behoort in hierdie lewe en in die sterwe en deel te wees van die opstanding tot die ewige lewe. Reinig ons van alle ongeregtigheid en gee vir ons die blydskap en vreugde dat niks ons van u Liefde sal skei nie.

En mag die vrede van God wat alle verstand oorskry, julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

